STELLENBERG PINKSTER

Woensdag 27 Mei 2020.

Ek glo aan die vergifnis van sonde.
Die gemeenskap in Filippi.

Met ons Pinkster reeks oor die eerste gelowiges is ons besig om al hoe verder weg van Jerusalem, en later in tyd in te beweeg. Die Pinkster gebeure in Jerusalem dateer na ongeveer die jaar 33, die gemeente in Antiogië is rondom die jaar 40 gestig en dit is hiervandaan waar Paulus rondom 50 nC op sy tweede sending reis (sien kaart hieronder) vertrek wat hom by die stad Filippi uitbring en more kom ons rondom die jaar 60 in Rome uit.

Ons reis bring ons vandag op die bekende Romeinse pad, bekend as die *via Egnatia,* wat Konstantinopel met Rome verbind het (dit loop in die *via Appia* wat ons dan more by die gelowiges in Rome uitbring).

GEBED

O Here, almagtige God, Heerser oor die wêreld,
selfs toe dit vormloos, woes en leeg was,
was U die koning van die heelal, en wanneer alles tot ‘n einde kom,
sal U nog steeds regeer.
U die allerhoogste waartoe ons denke in staat is;
aan U behoort die koninkryk, krag en heerlikheid.
Daar is geen begin of einde van enige iets sonder U nie.

AMEN

Ons gaan twee teksgedeeltes saamlees: Handelinge 16:6-12 en later Filippense 2:1-12.

Filippi was ‘n belangrike Romeinse handel stad wat op die antieke hoofweg bekend as die *via Egatia* geleë was, wat Rome met Konstantinopel verbind het. In baie vername stede op die Romeinse hoofroetes kry ons geloof gemeenskappe wat groei. Dit is ‘n aanduiding hoe nou verweef die eerste gelowiges hulle geloof in ekonomiese en politieke realiteite van die dag geleef het en bevestig gister se boodskap waarin Christendom hulleself in ‘n nuwe paradigma bevind (Mense van die weg wag nie maar net op Jesus se wederkoms nie, hulle leef met geloof binne hedendaagse werklikhede).

Van al die gemeente wat Paulus besoek het, lyk dit of die gemeente in Filippi sy gunsteling was. Hulle het geldelik baie bygedra tot die kollekte wat Paulus vir die gelowiges in Jerusalem ingeneem het.

Ons lees eers Fil 2:1-4 (Paulus skryf waarskynlik vir hulle hierdie brief terwyl hy in gevangenisskap in Rome is).

- In vers 1-4 praat Paulus met hulle oor dit wat ons die afgelope paar dae op klem gelê het, naamlik dat ons styl van lewe (as mense van die weg) in ooreenstemming moet wees met die Evangelie van Christus (Fil. 1:27).
- Wat het hulle verstaan onder die begrip “Evangelie van Christus”? Ek herinner julle net weer dat hulle nie soos ons ‘n Nuwe Testament gehad het as verwysing nie. Onthou dat hierdie gebeure juis deel was van die skryf van die Nuwe Testament.
- Dan kry ons iets besonder wat in die hele Nuwe Testament uitstaan – Paulus verduidelik “Evangelie van Christus” deur ‘n ou lied aan te haal wat die vroegste gelowiges saam gesing het. Wat dit so besonders maak is dat ons in hierdie aanhaling te doen het met van die oudste materiaal in die Nuwe Testament in ons besit.
- Hierdie lied gee ons toegang tot hoe die eerste gelowiges oor God gedink het en die werking van die Heilige Gees prakties beleef het.

Ons lees saam Fil. 2:5-12

In die Romeinse en Griekse godsdiens was daar ‘n groot en onbekende afstand tussen die goddelike, wat as sterk en die menslike, wat swak is uitgebeeld is.

Die God wat die gelowiges in Filippi bely is totaal anders

- Hulle bely ‘n almagtige God wat nie net ‘n woord van vergifnis uit die hemel spreek nie maar homself na mense afbuig om as te ware onder hulle in te skuif om hulle te sterk en om heel te maak wat gebreek is.

- In die plek van die onmeetlike afstand van die onbekende is daar die wete dat God by ons is om ons skuld en sonde kom versoen.
- Die lied roep gelowiges op om met dieselfde gesindheid teenoor mekaar te leef.
- Kan julle dink watter geweldige impak dit in hulle samelewing gehad het!

Ons is vandag by die belydenis: Ek glo aan die vergifnis van sonde, en dat dit ons help om van die onbekende sin te maak.

Dit is interessant om te sien hoe in gemeentes in die streek van Galasië in Klein Asië hiermee sukkel omdat selfbelang in hulle pad staan: Galasiërs 5:15-16. “Julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie. Wat ek bedoel is dit: Laat julle lewe deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nie swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie”

Wat moet ons doen?

Daar is ‘n treffende gedeelte in rolprent, *The Two Popes,* waar pous Benedictus en latere pous Franciscus in gesprek is met mekaar oor die saak van vergifnis. (Sien aanhaling onder die prent)

“Confession cleans the sinner's soul, it doesn't help the victim. Our whole church is in need of forgiveness. Where is our humility? Sin is a wound, not a stain. It needs to be treated, healed. Forgiveness is not enough.”

Die gelowiges in Filippense het nie net ‘n woord beleef wat vergifnis uitspreek nie, maar ‘n God wat afkom om te genees wat gebreek is. Dit is wat ons moet doen – hierin lê die sin van ‘n toekoms wat ons nie kan sien nie – nie net in ons planne om ‘n ekonomie te herstel nie, maar om ook herstel tussen mense en mens en natuur te bring. “Lê julle daarop toe om as verloste mense te leef” (Fil. 2:12).

GEBED

Here, waarom is dit dan so moeilik om in vrede met mekaar te lewe?
Waarom is dit nog moeiliker om, as die geveg eers begin het, vrede te maak?
Geen wonder dat oorloë nooit ophou nie – dis ‘n baklei vir selfbelang.
Ek bely Here, dat dit vir my moeilik is om die woorde
“ek is jammer” oor my lippe te kry.
En ek kry skaam om te dink dat alles skielik net met die woord weer terug na normaal is.

U vergifnis vir my is meer as woorde. Ek beleef dit in U Gees wat my weer kom heelmaak, oormaak en nuut maak en U genade opnuut laat beleef.
Here en ek wil in hierdie gesindheid in my wêreld kom leef. Nie net om jammer te sê nie, maar om deur die vrug wat U Gees my gee te heel wat gebreek is.
Gee my die moed om as verloste mens in hierdie hede te leef.

AMEN

More pad ons die laaste been van ons reis aan as ons op die *via Appia* die eerste gelowiges in Rome besoek.